Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10507 dated 02 February 1998

PROVINSIALE KENNISGEWING 88 VAN 2020

KENNISGEWING VAN 'N AANSOEK VIR HERSONERING INGEVOLGE ARTIKEL 23 (1) VAN DIE MARULENG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT SE RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIK BESTUURSVERORDENING , 2016

Ek, Magdalena Johanna Smit van Urban Devco cc, synde die aansoeker vir die hersonering van Erf 1456 Hoedspruit Uitbreiding 12, gee hiermee kennis in terme van Artikel 52 (1) (b) en 2 (a) van die Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik Bestuursverordening van die Maruleng Plaaslike Munisipaliteit, 2016 dat ek by die Maruleng Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die wysiging van die Maruleng Grondgebruikbestuurskema, 2008 vir die hersonering van Erf 1456 Hoedspruit Uitbreiding 12 van "Privaat Oop Ruimte" na "Spesiaal" vir 'n spa en verwante en ondergeskikte gebruike. Die doel van die hersonering is om 'n spa in te sluit by die Radisson Hotel wat tans opgerig word op Erwe 1396 en 1402 Hoedspruit Uitbreiding 12. Die eiendom is geleë suid van die R527 pad, direk aangrensend aan Erf 1401 Hoedspruit Uitbreiding 12 waarop die hoofingang van die Radisson Hotel opgerig sal word. Enige besware en/of kommentaar, met inbegrip van die gronde vir sodanige besware en/of kommentaar, met volledige kontakbesonderhede, waarsonder die aansoeker/munisipaliteit nie kan korrespondeer met die persoon of liggaam wat die besware en/of kommentaar indien nie, moet skriftelik aan beide die aansoeker en die Munisipale Bestuurder, Mnr T Magabane, by die onderstaande adres ingedien word, of gepos word na Posbus 627, Hoedspruit, 1380, of 'n e-pos gestuur word na kgahlih@gmail.com, vanaf 16 September 2020 tot 16 Oktober 2020. Volledige besonderhede en planne kan gedurende kantoorure besigtig word by die kantoor van die Senior Stadsbeplanner, Maruleng Munisipaliteit, Kantoor nommer 27, Springbokstraat 65, Hoedspruit, vir 'n periode van 30 dae vanaf die datum van publikasie van die advertensie in die Limpopo Provinsiale Koerant, The Citizen en Beeld.

Adres van die munisipaliteit: Springbokstraat 65, Hoedspruit, 1380.

Sluitingsdatum vir besware en/of kommentaar: 16 Oktober 2020.

Posadres van aansoeker: Urban Devco, Postnet Suite 120, Privaatsak X3, Paardekraal, 1752. Tel: (010) 591 2517, E-pos: manda@urbandevco.co.za Straatadres: Shannonweg 54, Noordheuwel , Krugersdorp.

Datum waarop kennisgewing gepubliseer moet word: 16 September 2020.

Datum van indiening van die aansoek: 02 Junie 2020.